MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 2 | 5 FEBRUARIE 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hieronder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

The future belongs to those who believe in the beauty of their dreams.
Eleanor Roosevelt

Baie geluk aan ons 268 graad 8's, asook hulle ouers, wat verlede Donderdag as volwaardige Midstream College-leerders ingehuldig is. Ek glo hulle vyf jaar in ons midde sal met menige *carpe diem*-oomblikke gevul wees en dat hulle hul drome sal najaag. Vergun my ook 'n dankwoord aan ons hoofleiers, prefekte en onderwysers wat almal bygedra het tot die suksesvolle oriëntering van die graad 8's.

Ons somersport is reeds halfpad met hul seisoen en ons is opgewonde oor alles wat Februarie nog inhou. Ek hoop om baie van ons leerders en ouers môremiddag en -aand by ons jaarlikse tuisatletiekbyeenkoms te sien. Die A-bond swem- en atletiekinterhoër teen die einde van die maand is hoogtepunte om na uit te sien. Die College se krieketspanne is ook besig om die rekordboeke te herskryf. Nie alleen het ons 8 krieketspanne wat ons in die veld stoot nie, maar hulle presteer ook skitterend. Raadpleeg gerus die sportgedeelte van hierdie nuusbrief vir volledige sportuitslae.

Op kultuurgebied is meeste van die oudisies reeds afgehandel en is almal fluks aan die oefen. Sterkte aan die leerders wat dit dalk nie vir hul droomaktiwiteit gemaak het nie, maar hopelik kry hul die geleentheid om nuwe drome na te jaag. 'n Woord van dank ook aan die ouers en leerders wat ons selfoonbeleid ondersteun en omarm het. *Bell to Bell, No Cell!*

Graag nooi ek graad 8 tot 12-ouers uit vir ons eerste *Koffie-met-Carel*-geleentheid op Donderdagoggend 19 Februarie om 07:30 in die College HUB. Tydens hierdie informele geleentheid kry ons kans om mekaar bietjie beter te leer ken en ons kan enige bekommernisse, onsekerhede of wyshede met mekaar deel. RSVP via die volgende skakel K-M-C indien u dit graag wil bywoon.

GRAAD 12-INLIGTINGSAAND

Graad 12-ouers en leerders word genooi om op Dinsdag 24 Februarie die inligtingsaand in die saal by te woon. Belangrike graad 12-sake soos akademie, universiteitsaansoeke en die matriekafskeid, sal bespreek word. Ons hoop om u almal daar te sien.

ELEKTRIESE SKOETERS EN FIETSE

Die veiligheid van leerders, onderwysers en besoekers op die skoolterrein is vir ons 'n prioriteit. Weens etlike voorvalle met fietse, elektriese skoeters en skopfietse is besluit om die ry van genoemde vervoermiddels op die skoolterrein te verbied. Leerders moet by alle skoolhekke afklim en die vervoermiddel tot by aangeduide fietsloodse of staanplekke stoot. Die algemene padveiligheid van ons leerders in die landgoed is ook 'n bekommernis. Ons versoek dat u met u kinders hieroor sal gesels.